LANDBOUWETENSKAP HG VR 1 & 2 NOVEMBER 2007

Die belangrike vraag na die laaste aflegging van die eksamen van die voormalige Verslag 550-vakke is waarskynlik as volg: Wat kan ons leer vir die komende **Uitkomsgebaseerde Benadering**?

Afdeling A van die vraestelle sal waarskynlik dieselfde bly. Die huidige HG-kandidate (2007) het oor die algemeen besonder goed in hierdie deel van die vraestel gevaar. Ons kan dus voortgaan om leerders op 'n soortgelyke wyse voor te berei. Probeer om verskeie variasies van kort vrae nog verder uit te bou.

Leer die leerders om vrae deeglik te lees en seker te maak van dit wat gevra word. Dit is oor die algemeen besonder goed in die huidige vraestel gedoen. Enkele leerders het egter. in plaas van die letters A tot D eerder die woorde ingevoeg by die ooreenstemmende vrae.

In afdeling A moet nooit vrae uitgelaat word nie. In die vak word nie negatief gemerk nie. Leerders moet poog om 'n respons te maak met die antwoord wat die meeste sin maak – dit is dikwels 'n raakskoot.

Afdeling B:
In die huidige vraestelle is verskeie vrae ingevoeg wat vaardighede van leerders begin toets. Dit sluit in berekeninge, gevallestudies, interpretasies van data, trek van grafieke en die maak van afleidings vanaf data. Die leerders het volgens my aanvoeling tydens die merk van vraestelle besonder goed gevaar in hierdie unieke vrae.

Die sleutel is natuurlik om deeglik die vraag te bestudeer en seker te maak van wat gevra word, die beskikbare data deeglik te ondersoek en seker te maak dat dit sin maak. In die respons moet leerders seker maak hulle antwoord spreek die vraag op 'n direkte wyse aan, bv. as gevra word dat twee aspekte met mekaar vergelyk moet word in die negatiewe en positiewe kant. Dit beteken beide aspekte moet deurentyd saam bespreek word in die negatiewe en positiewe kant. Leerders het in hierdie vraestelle dikwels by sulke vrae net die een kant genoem en op die wyse waardevolle punte verbeur.

Baie van die huidige onderwerpe is nog steeds relevant vir 2008. Die HG-kandidate van 2007 is oor die algemeen goed voorberei vir die huidige eksamens. Enkele tekortkomings ten opsigte van response van leerders ten opsigte van inhoud is in die huidige vraestel opgetel. Dit word vervolgens gelys:

- Definisie van grondstruktuur (daar is nog leerders wat nie weet wat is grondstruktuur nie);
- Die rol van klimaat in die vorming van grondstruktuur (leerders het eerder probeer aandui hoe klimaat struktuur vernietig het);
- Die onderskeid tussen gravitasiepotensiaal en osmotiese potensiaal (leerders het hiermee gesukkel);
- Vraag oor verskillende kleiminerale is swak beantwoord.

- Ons sal nou vir die leerders moet aandui dat eerder van grondfamilies as grondseries gepraat word;
- Hoe bemestingstowwe soos ammoniumsulfaat grond versuur (hierdie vraag is swak beantwoord);
- Partenokarpie (leerders sukkel met hierdie verduideliking)
- Die diepere bespreking van groeistimulante by diereproduksie is swak beantwoord.
- Die klassifikasie en verskille tussen ‘n sappige ruvoer en ‘n droë ruvoer is oor die algemeen swak beantwoord.
- ‘n Wesenlike aantal leerders het foute gemaak met die berekening van die verteerbaarheidkoëffisiënt van hooi in vraag 2.4.
- Redes vir die laer produksie van ‘n melkkoei wat dragtig is in vergelyking met ‘n koei wat nie dragtig is nie, was gebrekkig. (vraag 3.1.6).
- Min leerders kon die voordele volledig beskryf van die gebruik van sinkronisasie volledig beskryf.
- Die vraag oor die skedulering van besproeiing is nie baie sistematies aangepak nie.